**Julle moet van bo gebore word (OP209)**

**Joh 3:1-15**

**23 Februarie 2025**

Laasweek het ons die geleentheid gehad om stil te staan by die Here Jesus wat die tempel gereinig het. Ons het gesien hoe Sy hartstog vir die Here se huis Hom sou verteer. Hy het deur die teken wat Hy aan die Jode gegee het om te bewys dat Hy wel die bevoegdheid het om die tempel te mag reinig, bekend gemaak dat Sy fisiese liggaam die ware tempel is. Sy liggaam sou sterf, maar op die derde dag sou Hy weer opstaan uit die dood. Die Here Jesus het geleer dat dit sou saamval met die afbreek van die fisiese tempel in Jerusalem. Deur Sy sterwe en opstanding het Hy al die tipes wat opgesluit was in die Ou Testamentiese tempel vervul – voortaan is Hy die ware Tempel. Ons het ook gekyk na die Here Jesus wat Hom nie toevertrou het aan die mense wat net in Hom geglo het bloot omdat hulle die tekens gesien het wat Hy gedoen het nie – ons het gesien dat Hy hulle harte beoordeel het, en gevind het hulle het nie ware geloof in Hom as die Beloofde Messias nie.

Vandag wil ek die gesprek van die Here Jesus met Nikodemus oordink, soos wat dit in Joh 3:1-15 bespreek word. Die 2020 DAV begin in Joh 3:1 met die woorde "Daar was 'n man...", dit is ook hoe die NAV dit vertaal. Maar die OAV begin met "En daar was 'n man...". Die NIV en ESV begin met "Now there was a man..." – hierdie vertalings is beter, en dit maak 'n konneksie tussen Joh 2:23-25 en Joh 3. In Joh 2:23-25 het ons gelees dat Jesus Hom nie toevertrou het aan die mense wat net in Hom geglo het op grond van Sy tekens nie, en nou gaan Johannes voort met dieselfde tema in Joh 3 deur 'n spesifieke geval te beskryf van so iemand – dit is die geval van Nikodemus. Hierna gaan Johannes nog gevalle bespreek – die geval van die koninklike amptenaar, die Samaritaanse vrou, die man by die bad van Betesda. Ons het reeds gesien hoe die Here Jesus die harte van Sy dissipels ondersoek het, en Hom wel aan hulle toevertrou het, maar Hy het dit nie gedoen met die wat net op grond van sy tekens gedoen het nie. Hoekom nie? Hoe moet ons dit verstaan? Wat is die verskil? Wel, ons kry heelwat insig uit die gebeure met Nikodemus. Kom ons kyk daarna. Ek wil dit onder die volgende drie punte bespreek: (1) Wie is Nikodemus? (v1-2), (2) Wat beteken: "Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie"? (v3-7), en (3) "Hoe kan hierdie dinge gebeur?" (v8-15).

<u>Wie is Nikodemus? (Joh 3:1-2)</u>

Lees Joh 3:1-2. Ons leer Nikodemus was 'n Fariseër en 'n leier van die Jode – dit beteken hy was 'n lid van die Joodse Raad. Die Fariseërs was geleerde mense wat as 'n reël baie ernstig was in hulle godsdiensbeoefening. In vers 2 lees ons die stelling wat Nikodemus teenoor Jesus gemaak het: Hy erken die Here Jesus as 'n leermeester, en boonop as 'n leermeester wat van God gekom het. Nikodemus baseer hierdie stelling dat Jesus van God moes gekom het, op die feit dat niemand die tekens kan doen wat Jesus gedoen het as God nie by so iemand is nie. Ons sien dus 'n heeltemal ander gesindheid by Nikodemus as wat ons by verskeie ander Fariseërs sien: Immers het Nikodemus hom nie daarop beroem dat hy lang gebede gebid het nie, hy het ook nie Jesus se optrede toegeskryf aan die werk van die duiwel nie. Nee, hy het erken dat Jesus van God af moes gekom het. Dit beteken nie dat Nikodemus die Here Jesus erken het as die Beloofde Messias nie – maar hy was gefassineer deur die Here Jesus. En, let op, hy was ook gefassineer deur die tekens wat die Here Jesus gedoen het – soos die mense aan die einde van hoofstuk 2.

Ons lees ook dat Nikodemus in die nag na die Here Jesus gekom het. Dit is nie presies duidelik hoekom hy juis in die nag gekom het nie. Dit mag wees dat hy nie openlik gesien wou word as iemand wat gefassineer is deur die optrede van die Here Jesus nie. Maar kommentatore wys ook

daarop dat Johannes tipies die woord “nag” gebruik om geestelike donker te beskryf. Kyk maar na Joh 9:4 “Ons moet die dade doen van Hom wat My gestuur het terwyl dit nog dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie” of Joh 11:10 “Maar as iemand in die nag loop, struikel hy, omdat die lig nie by hom is nie”. Kommentatore spekuleer daaroor dat Johannes spesifiek genoem het Nikodemus het in die nag gekom as aanduiding van die feit dat hy geestelik nog in die duister was.

Daar word ook gespekuleer oor wie die “ons” is na wie Nikodemus in vers 2 verwys as hy sê: “Rabbi, <u>ons</u> weet dat U ‘n leermeester is...”. Waarskynlik verwys Nikodemus na nog Fariseërs wat ook soos hy voel – as’t ware skuil Nikodemus agter sy kollegas wat ook verskil van die deursnee Fariseër se siening oor die Here Jesus.

Let ook daarop dat Nikodemus nie werklik ‘n vraag aan Jesus gerig het voordat Jesus met hom begin praat het nie. Hy het bloot ‘n stelling gemaak oor Jesus as ‘n leermeester wat van God gekom het. Ons kan ook maar net spekuleer of hy dalk dieselfde vraag as die ryk jong man wou vra: “Wat moet ek doen om gered te word?” (Mark 10:17), of dalk die vraag wat daardie ander skrifgeleerde gevra het: “Wat is die grootste gebod?” (Mark 12:28).

Hoe dit ookal sy, kom ons kyk na die reaksie van die Here Jesus op Nikodemus se stelling.

<u>Wat beteken: “Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie”? (Joh 3:3-7)</u>

Lees Joh 3:3-7. Die Here Jesus reageer in vers 3 met ‘n dubbele amen. Dit word opgevolg met nog ‘n dubbele amen in vers 5, en later in vers 11 is daar ‘n derde dubbele amen. Elke dubbele amen beteken: Wat die Here Jesus sê, is belangrik, en dit staan onwrikbaar vas. Al met al moet ons verstaan, wat Hy hier leer is kardinaal belangrik – ons moet seker maak ons begryp dit baie goed.

Let nou op die volgende: Nikodemus was onder die indruk dat hy as die geestelike leier in die posisie is om ‘n oordeel te mag fel oor die Here Jesus se optrede en sy tekens – hy mag oordeel dat Jesus ‘n leermeester is wat van God kom. Maar direk is dit die Here Jesus wat die beheer van die situasie neem. Nie net neem Hy beheer van die situasie nie, nee, Hy fel ‘n oordeel oor Nikodemus, en nog belangriker, Hy oordeel dat Nikodemus nie deel is van die koninkryk van God nie – immers is dit die implikasie as Jesus sê dat net die wat van bo gebore is die koninkryk van God kan sien. Nikodemus se antwoord wys dat hy nie eens verstaan waarvan die Here Jesus praat nie: Sy respons is dat dit tog onmoontlik is vir ‘n mens wat al oud is om weer gebore te word, hy kan tog nie ‘n tweede keer in die moederskoot ingaan en weer gebore word nie! Carson skryf en sê waarskynlik was Nikodemus nie so naïef om te dink Jesus het werklik bedoel ‘n mens moet ‘n tweede keer fisies gebore word nie, maar eerder dat Nikodemus wou te kenne gee dat hy glad nie verstaan wat dit is wat die Here Jesus bedoel nie – hy wil te kenne gee dat hy nie kan glo dat Jesus bedoel iemand moet ‘n tweede keer fisies gebore word nie – dit is tog eenvoudig ondenkbaar! Maar behalwe dat Nikodemus nie kan glo dit is wat Jesus bedoel nie, het hy geen begrip van wat Jesus wel bedoel nie. Hierop reageer die Here Jesus deur in vers 5 basies dieselfde stelling te maak as vroeër – maar daar is tog ‘n paar verskille. Kom ons kyk in meer detail na hierdie twee stellings van die Here Jesus in verse 3 en 5. Die twee stellings is:

- As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy nie die koninkryk van God sien nie (v3)
- As iemand nie uit water én Gees gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie binnegaan nie (v5)

Laat my toe om ‘n paar opmerkings oor hierdie twee stellings te maak:

- Die woorde “van bo gebore word” kan taalkundig netso goed vertaal word met “weer gebore word” – in vers 4 is dit hoe Nikodemus Jesus se woorde interpreteer. Nikodemus het verstaan “van bo gebore word” is dieselfde as om “weer gebore” te word. En om weer gebore te word, is natuurlik ook iets wat elders in die Nuwe Testament beskryf word: Beide Tit 3:5 en 1 Pet 1:3 (OAV) praat van wedergeboorte.
- Die betekenis van om “God se koninkryk te sien” (eerste stelling) en om “God se koninkryk binne te gaan” is ook basies dieselfde. Die Here Jesus maak twee parallele stellings: As iemand God se koninkryk wil sien of binnegaan, moet die persoon van bo gebore wees, of om dit anders uit te druk, moet die persoon weergebore wees.
- Van watter koninkryk praat die Here Jesus? Die koninkryk van God. Watter koninkryk is dit? Wel, onthou Nikodemus was ‘n Fariseër – hy was vertroud met die Ou Testament. Hy moes tog bewus gewees het van die Here se belofte by Sinai in Eks 19:6 waar Hy vir die volk gesê het: “Vir My sal julle ‘n koninkryk van priesters wees”, en die belofte aan Dawid in 2 Sam 7 dat daar altyd Een uit die nageslag van Dawid sal wees wat as Koning op Sy troon sal sit. Die Ou Testamentiese volk Israel met hulle koning was ‘n koninkryk, en daardie koninkryk was ‘n tipe van die ware koninkryk van God. En wat die Here Jesus vir Nikodemus sê, is: As jy deel wil wees van daardie ware koninkryk van God, is dit van geen nut om as ‘n Jood gebore te wees nie – dit is hoe jy deel geword het van die Ou Testamentiese Israelitiese koninkryk – nee, jy sal van bo gebore moet wees, oftewel jy sal weer gebore moet wees. Die belangrike punt wat Nikodemus moes verstaan, was dat selfs hy as Joodse leier en lid van die Joodse Raad met al sy kennis, selfs hy met sy insig dat die Here Jesus as ‘n leermeester van God gekom het, selfs hy wat gefassineer was deur Jesus se tekens, selfs hy was steeds nie deel van God se koninkryk nie – want hy was nie van bo gebore nie, hy was nie weergebore nie.
- In die tweede stelling gebruik die Here Jesus ander woorde om “van bo gebore” of “weer gebore” mee te beskryf: so iemand moet “uit water én Gees gebore word”. As ons kan verstaan wat dit beteken om “uit water en Gees gebore” te wees, dan kan ons ook verstaan wat dit beteken om van bo gebore te wees, of om weergebore te wees.

Wat beteken dit om “uit water en Gees gebore” te wees? Daar is al baie oor geskryf en geredeneer. Ek dink Don Carson vat dit goed vas. Hy beskryf eers wat dit nie beteken nie. Ek noem kortliks vier interpretasies wat dikwels gegee word, maar wat nie die ware betekenis van die woorde is nie:

- Daar word soms beweer dat om uit water gebore te wees, verwys na iemand se fisiese geboorte, en om uit die Gees gebore te wees, verwys na iemand se geestelike geboorte. Dit sou beteken dat Jesus van twee geboortes gepraat het: een fisies uit water, die ander geestelik uit die Gees. Maar dit is nie wat Jesus gesê het nie: Hy het gepraat van één geboorte – en daardie één geboorte is uit beide water én Gees – nie een uit water en ‘n ander een uit Gees nie.
- Daar word ook soms beweer dat die geboorte uit water verwys na die waterdoop, en die geboorte uit die Gees verwys na die geestelike geboorte, oftewel bekering, as jy wil. Die argument is dat geestelike geboorte deur die Gees hand aan hand gaan met die doop, en die doop moet gesien word as die geboorte uit die water. Hierdie interpretasie is hoogs twyfelagtig, siende dat die res van die gedeelte handel oor die werk van die Here Jesus en die werk van die Heilige Gees, maar nêrens is daar weer ‘n woord oor die doop nie. En eerlikwaar, die waterdoop is eenvoudig nie ‘n voorwaarde om deel van die koninkryk van God te wees nie – onthou die Here Jesus sê juis iemand moet uit water gebore wees om deel te kan word van God se koninkryk. Dink maar net aan die misdadiger aan die kruis wat nie gedoop is nie en tog saam met Jesus in die paradys was.

- ‘n Variasie op bogenoemde interpretasie is dat die “gebore uit water” verwys na die doop van Johannes die Doper, wat ‘n sogenaamde bekeringsdoop was, en wat dan sogenaamd hand aan hand met die geestesgeboorte moes loop. Dit is ook twyfelagtig, siende dat die doop van Johannes die Doper kort hierna as’t ware weggeval het – dan kan dit mos nie die voorwaarde wees om toegang tot die koninkryk van God te verkry nie.
- Daar is ook al geredeneer dat die water verwys na die reinigingsgebruike van die Ou Testament, en dat hulle nou vervang gaan word met die werk van die Heilige Gees. Die probleem is egter dat Jesus nie gesê het die water gaan met die Gees vervang word nie, die water word nie teenoor die Gees gestel nie – nee, iemand moet uit water én Gees gebore wees, uit altwee, om die koninkryk van God binne te gaan.

Hoe moet ons dan hierdie uitspraak verstaan? Ons moet onthou Jesus praat met ‘n Fariseër, ‘n lid van die Joodse Raad – Hy praat met iemand wat vertroud is met die Ou Testament. Ons moet die verduideliking vir hierdie woorde in die Ou Testament gaan soek. Kom ons blaai na Eseg 36:24-27. Ons het hierdie gedeelte in detail oordink toe ons destyds na die koms van die nuwe verbond gekyk het. Kom ons lees weer hierdie paar verse. Onthou die volk was op hierdie stadium reeds in ballingskap. En dan stuur die Here deur Esegiël aan die ballinge die boodskap van toekomstige verlossing. Let op die volgende:

- In vers 24 beloof die Here verlossing – Hy gaan hulle terugbring na die beloofde land.
- Vers 25: Hier is een deel van die komende verlossing – die Here gaan rein water op hulle sprinkel, en dan sal hulle rein wees. Sodoende gaan die Here hulle van al hulle onreinhede reinig. Natuurlik is hierdie ‘n vooruitwysing na die werk van die Here Jesus. Hy gaan sterf vir die sondes van diegene wat wel deel is van God se koninkryk. Die water waarmee hulle gereinig word, is ‘n heenwysing na Jesus se bloed. Hulle word gereinig van hulle sondeskuld deur die gestorte bloed van die Here Jesus. In kort is dit ‘n beskrywing van gelowiges se regverdigmaking. Dit is wat Jesus in gedagte het as Hy sê die wat deel is van die koninkryk van God moet uit water gebore wees – hulle moet met water besprinkel word, hulle moet skoon word van hulle sondeskuld deur die bloed van Jesus.
- Lees verse 26-27: Hier is nog ‘n deel van die komende verlossing – die Here gaan diegene wat deel is van Sy koninkryk se harte van klip vervang met harte van vlees, en dan sal Hy Sy Gees in hierdie harte van vlees laat woon en die Heilige Gees sal dan sorg dat hierdie mense die bepalings en voorskrifte van die Here nakom. Dit is ‘n beskrywing van die gelowige se heiligmaking deur die werk van die Heilige Gees. Dit is ook wat die Here Jesus bedoel het toe Hy gesê het die wat deel is van die koninkryk van God moet ook uit die Gees gebore wees.

Wat die Here Jesus vir Nikodemus sê, is: As iemand deel van God se koninkryk wil wees, sal so ‘n persoon van bo gebore moet wees, hy sal weer gebore moet word – dit beteken sy hart van klip sal uitgehaal moet word deur die Heilige Gees, hy sal van die Heilige Gees ‘n hart van vlees moet ontvang. So ‘n persoon sal ook uit water gebore moet wees – dit beteken hy sal skoon gewas moet word van al sy sondeskuld, d.w.s. hy sal skoongewas moet word in die bloed van die Here Jesus, d.w.s. hy sal geregverdig moet word. So ‘n persoon sal uit die Gees gebore moet word – dit beteken die Heilige Gees sal ook in hom moet woon en sorg dat hy die bepalings van die Here nakom, die Heilige Gees sal Sy sondegeneigdheid moet wegneem, dit beteken hy sal heiligmaking moet ondergaan. As iemand die koninkryk van God wil binnegaan, sal dit alles vir so ‘n persoon waar moet wees: hy sal weergebore moet wees, hy sal uit water gebore moet wees (d.w.s. geregverdig wees) en hy sal uit die Gees gebore moet wees (d.w.s. hy sal heiligmaking moet ondergaan).

En om die spyker nog dieper in te kap, sê Jesus in vers 6: "Wat uit die vlees gebore is, is vlees, en wat uit die Gees gebore is, is gees". Verstaan jy die skok wat dit vir Nikodemus moes wees? Hy het na Jesus gekom en so ewe gewaag om 'n oordeel uit te spreek oor die gehalte van die Here Jesus se werk – immers is hy 'n Joodse leier, immers weet hy hoe om geestelike dinge te beoordeel. Maar die Here Jesus wys vir Nikodemus: Hy is nie deel van God se koninkryk nie. Hy is hoogstens deel van die Joodse volk. Maar dit beteken nie Hy is deel van God se koninkryk nie – want hy is nie weergebore nie, hy is nie uit water en Gees gebore nie.

<u>Hoe kan hierdie dinge gebeur? (Joh 3:8-15)</u>

Lees Joh 3:8-15. Ons kan verstaan dat Nikodemus totaal ontnugter was deur dit wat hy gehoor het. Dit is g'n wonder nie dat hy in vers 9 vra: "Hoe kan hierdie dinge gebeur?" Wat Nikodemus wil weet, is: Hoe gebeur dit dan dat iemand weergebore word, uit water en die Gees?

In vers 10 spreek die Here Jesus Nikodemus aan oor hy nie die dinge verstaan nie. Let op hoe Jesus na hom verwys as dié leermeester – Don Carson sê Nikodemus was in ons taal die Hooggeagte Professor Doktor Nikodemus! Nikodemus moes van groot aansien gewees het – maar selfs hy as dié leermeester het dit nie begryp nie. Verstaan jy hoe diep die krisis van die sondegeneigde mens is? Selfs goed belese Ou Testamentiese skrifkenners het nie verstaan hoe iemand werklik deel van God se koninkryk word nie!

In verse 11-13 verseker die Here Jesus Nikodemus dat Hy, anders as Nikodemus, wel verstaan waarvan Hy praat – immers Hy het gesien waarvan Hy praat. (Kan ek net hier die opmerking maak: In vers 11 gebruik die Here Jesus die meervoud "Ons" – waarskynlik verwys die Here Jesus terug na Nikodemus wat in vers 3 ook van "ons" gepraat het). In vers 12 redeneer die Here Jesus en konfronteer Nikodemus met die feit dat hulle Hom nie eens wil glo as Hy hulle vertel van aardse dinge nie – soos byvoorbeeld dat iemand weergebore moet wees om deel te kan kry aan die koninkryk van God nie. Maar die Here Jesus kan hulle nog soveel meer vertel – selfs van die hemelse dinge – maar as hulle Hom nie eens wil glo as Hy oor die aardse dinge praat nie, wat sal dit dan help as Hy van die hemelse dinge sou praat? Maar dit beteken nie dat Hy nie wel met gesag daaroor kan praat nie: Immers was Hy in die hemel voor Hy aarde toe gekom het – Hy weet wat in die hemel gebeur, Hy weet met watter doel die Vader Hom na die aarde gestuur het, Hy het insig om oor dit alles te kan praat. Onthou Joh 1:18: Die Here Jesus het gekom om die Vader te kom bekend maak.

Het jy opgelet hoe Jesus daarop ingestel is om Nikodemus te oortuig? Enersyds wys die Here Jesus vir Nikodemus daarop dat hy as Skrifkenner tog moet kan raaksien dat wat Jesus vir hom sê, strook met wat die Ou Testament sê. Drie keer het die Here Jesus nou al vir Nikodemus gesê: Amen, amen! – die Here Jesus is seker dis waar, en Hy wil dat Nikodemus dit ook moet sien. Boonop, het Jesus Nikodemus daaraan herinner dat Hy uit die hemel gekom het – en daarom kan Hy met gesag praat oor alles – oor aardse dinge en oor hemelse dinge. Natuurlik wil Johannes en die Heilige Gees ons as lesers ook oortuig dat die Here Jesus 'n betroubare Getuie is, en dat ons moet luister na wat Hy sê.

Maar kom ons keer terug na Nikodemus se vraag: Hoe gebeur dit dat iemand weergebore word, uit water en Gees gebore word, sodat so iemand die koninkryk van God kan binne gaan? En die Here Jesus verduidelik daar is twee dinge wat moet gebeur:

- Vers 8 sê: "Die wind waai waar Hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waarvandaan hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is." Om die stelling te verstaan moet ons onthou dat in Grieks word dieselfde woord gebruik om beide die wind en die Gees te beskryf. Daar is iets onverklaarbaar aan die wind: ons hoor die wind, ons sien die effek van die wind, maar ons weet nie waar hy vandaan kom en waarheen hy gaan nie. En

Jesus se punt is: dit is ook waar van die Heilige Gees. Ons kan nie die Heilige Gees sien nie. Ons weet nie waar Hy volgende gaan werk nie. Ons kan net Sy effek sien.

- In verse 14-15 sê Jesus: "En netsoos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die Mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe sal hê". Natuurlik verwys hierdie verse terug na Num 21:4-9. Wat daar vir ons beskryf word, is dat terwyl die volk op pad was na die beloofde land, het hulle op 'n stadium weer in opstand gekom teen die Here en Moses. Die Here het toe giftige slange onder die volk ingestuur, en baie lede van die volk het gesterf. Die volk het gevolglik hulle skuld erken, en die Here het toe vir Moses beveel om 'n koperslang te maak, en om die slang op 'n paal vas te maak en dit op te lig. Enigiemand wat gepik is deur 'n slang, moes dan na die koperslang op die paal kyk, dan het hy bly lewe. Die Here Jesus verduidelik nou aan Nikodemus Hyself moet netsoos die koperslang verhoog word – wat natuurlik 'n verwysing is na Sy kruisiging toe Hy ook aan 'n paal vasgemaak en opgelig is. En die punt is dat elkeen wat na Jesus aan die kruis kyk as die Bron van lewe, sal ewig lewe.

Kom ek probeer dit saamvat: Nikodemus wil weet: "Hoe gebeur hierdie dinge?" Hoe gebeur geboorte uit water en die Gees? En die Here Jesus verduidelik aan Hom dit gebeur deur die werk van die Heilige Gees – maar dit is belangrik om te verstaan die Heilige Gees werk soos die wind – ons weet nie waar hy vandaan kom, en waarheen hy volgende gaan nie. Netso is dit ook met die Heilige Gees – Hy werk nou hier met iemand, en daarna weer daar met iemand anders. Ons verstaan nie wanneer Hy waar gaan werk nie. Maar, soos met die wind, kan ons wel die effek sien. Wat is dit wat die Heilige Gees doen? Hy werk wedergeboorte, oftewel geboorte van bo – dit beteken Hy haal die harte van klip uit die mense met wie Hy werk, en Hy gee aan hulle harte van vlees. Die gevolg van hierdie harte van vlees, is dat hierdie mense bewus word van hulle sonde skuld – en hulle kyk na die Here Jesus wat aan die kruis gehang het, om vir hulle sondeskuld versoening te doen – dit is hoe hulle gereinig word, dit is hoe hulle geregverdig word – dit is hoe hulle uit water gebore word. Verder werk die Heilige Gees in hulle harte van vlees sodat hulle die Here se bepalings wil gehoorsaam, dit is hoe hulle heilig word, dit is hoe hulle uit die Gees gebore word. Dit is hoe mense weergebore word, hoe hulle uit water en die Gees gebore word, dit is hoe hulle deel kry aan die koninkryk van God. Dit is hierdie mense, en net hierdie mense, wat die koninkryk van God binnegaan. Mense wat net in die Here Jesus se tekens glo, gaan dit nie binne nie. Selfs 'n geleerde Fariseër soos Nikodemus wat selfs gefassineer is deur die tekens van die Here Jesus gaan nie daar binne nie. Net die wat weergebore is uit water en Gees gaan die koninkryk van God binne.

<u>Toepassing</u>

Ek hoop dit is duidelik hoe 'n belangrike saak hierdie is: ons leer hier hoe dit gebeur dat iemand deel word van God se koninkryk. Die vraag is: Is jy seker jy is deel van God se koninkryk? Is jy seker jy is weergebore uit water en die Gees? Miskien vra jy: Hoe kan ek seker wees? Immers werk die Gees soos die wind – ons kan dit nie beheer nie. Dit is waar. Maar die vraag is: Sien jy die effek van die wind, oftewel die Gees? Nou kan jy vra: Watter effek? Wel, sien jy die effek dat jy verstaan jy is skuldig aan sonde en jy verstaan jy moet gereinig word deur Jesus se offer? – Hierdie opregte sondebesef en begeerte om deur Jesus gereinig te word, is 'n bewys dat jy uit water gebore is. Verder, sien jy die effek van die Heilige Gees wat in jou besig is om jou te verander sodat jy die bepalings van die Here wil nakom? Indien wel, is dit 'n bewys dat jy uit die Gees gebore is. En as jy tot die slotsom sou kom jy is nie deel van die koninkryk nie? Smeek God om Sy Gees in jou te laat werk.

En nou loop ek die gevaar om myself baie ongewild te maak – maar ek voel tog ek moet dit op die tafel sit: Wees veral versigtig vir die argument dat ek iewers my geloof openlik bely het, en daarom is ek seker ek is deel van God se koninkryk. Of selfs: iewers is ek as ‘n volwassene gedoop, en daarom is ek seker ek is deel van God se koninkryk. Ek is lidmaat van ‘n Gereformeerde gemeente. Dit is algemene praktyk dat jongmense hulle geloof bely tipies in hulle matriekjaar. Die  vraag wat ek myself afvra, is: Klop dit met Joh 3? As dit waar is dat die Gees waai waar Hy wil – is dit realisties dat die Heilige Gees bykans deur die bank al die jongmense in hulle matriekjaar oortuig om tot geloof te kom? Is wat daar gebeur werklik die resultaat van jongmense wat uit water en Gees gebore is?

Kom ek vertel jou van my persoonlike ervaring: Ons predikant het ons laat toets skryf om ons kennis van geloofsake te toets. Dit is in beginsel goed. Maar toe ek die toets geslaag het met ‘n goeie punt, het hy na my pa gegaan en hulle twee het besluit ek moet belydenis aflê. My pa het eenvoudig by die huis gekom en gesê ek moet by sy klerewinkel ‘n pak klere kom uitsoek. En dit is hoe ek formeel my geloof bely het. Niemand het my gevra of ek geglo het wat ek in die toets geskryf het nie. Niemand het gevra of ek oortuig is ek is uit water en die Gees gebore nie. Ja, my kennis is getoets. Maar Nikodemus het ook baie kennis gehad – maar die Here Jesus het geoordeel hy was nog buite die koninkryk. Ek sê nie kennis is onbelangrik nie. Maar dit is definitief nie voldoende nie. Ek kan nie oordeel dat daardie jongmense nie met integriteit hulle geloof bely nie. My bekommernis is net dat daar baie mense is wat onder die indruk gebring word dat hulle deel is van die koninkryk van God sonder dat hulle noodwendig werklik deel is. Die vraag is nie net of iemand kennis het nie, die vraag is of iemand oortuig is dat hy dood is in sy sonde, en dat hy niks minder as die werk van die Here Jesus en die Heilige Gees nodig het om wel deel te word van die koninkryk van God nie.

Mag die Here ons bewaar van valse sekerheid. Meer positief: mag die Here vir ons ware sekerheid gee deurdat ons die beginsels wat die Here Jesus aan ons openbaar sal gebruik om oortuig te word. Immers is die Here Jesus die Woord, wat die Here aan ons kom bekend maak. Immers was Hy in die hemel – Hy weet wat die waarheid is, immers ken Hy die wil van die Vader.